

**SONDAG 18 Mei 2003**  
**NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID**  
**OGGENDDIENS**

Trompette: Johan & Coenie

**LITURGIE**

| <u>WIE</u> | <u>WAT</u>            | <u>DETAIL</u>  | <u>BORD/MUSIEK</u>                                     |
|------------|-----------------------|--|--|
|            | Voorsang              |  |  |
| Liturg     | Welkom & groet        |  |  |
| Liturg     | Gebed                 |  |  |
| Liturg     | Oproep tot lof        | Psalm 148 & 150  |  |
| Hannes     | Lof                   | Hy laat die sterre skitter (1-3)<br>LB542:1-2 "Jesus, ons loof U"<br>LB599:1-3 "As Hy weer kom"<br>HL444:1-2 "Wat 'n ware vriend is Jesus" (p39)   | hy laat<br>LB542:1-2<br>LB599:1-3<br>watnware / vriend |
| Liturg     | Oproep tot aanbidding |  |  |
| Hannes     | Aanbidding            | LB577:1-5 "Die Heer, my herder, sorg vir my"<br>LB518:1-2 "Voel jy soms"<br><br><i>"If you want the rainbow, you have to pass through the rain"</i><br><br>LB512:1-3 "Nader my God by U" (nuwe woorde) |  |
| Ouderling  | Gebedslys             |  |  |
|            |                       | <b><u>Record aan</u></b>   | <b><u>Klank: Record</u></b>                            |
| Ouderling  | Voorbidding           |  |  |
| Liturg     | Skriflesing           | Hand 1:6-8, 2 Tim 1:7  | Skrif  |
| Liturg     | Preek                 | Powder of power? (Poeier of krag?)   | Skrif  |
| Almal      | Toewyding             | (Oorgawe)<br>Kom in my hart (Saam CD)  | komin (CD)<br>Kasset                                   |
| Liturg     | Gebed                 |  |  |
|            |                       | <b><u>Record af</u></b>  | <b><u>Klank: Stop Record</u></b>                       |
| Diakens    | Offergawe             | Afkondings op bord   | afkondig   |
| Liturg     | Afkondigings          |  | "Afkondig"   |
| Hannes     | Lied                  | LB202:1-3 "Prys Hom die Hemelvors"<br>OF Oorwinningslied   | LB202:1-3<br>Oorwin                                    |
| Liturg     | Seën                  | S-1: "Seenbede"  | seenbede   |

**LITURGIE:** kindergerigte erediens

| <u>WIE</u> | <u>WAT</u>            | <u>DETAIL</u>   | <u>BORD/MUSIEK</u>   |
|------------|-----------------------|---|--|
| KinderMG   | Voorsang              | Alive / Hy leef<br>Silwer en goud<br>I've got joy like a fountain<br>As Hy weer kom<br>Keer jou tong (van kwaadpraat)<br>Hosanna / Hosanna<br>O Heer my God<br>Weet jy dat Jesus jou liefhet<br>Jesus, groot bo almal | alive / hyleef<br>silwer<br>ivegot of fountain<br>ashyweer<br>keerjou<br>hosanna<br>SM35:1-2<br>weetjy<br>JR16:1-2 |
| Liturg     | Welkom & groet        |   |  |
| Liturg     | Gebed                 |   |  |
| Liturg     | Oproep tot lof        | Psalm 148 & 150   |  |
| Hannes     | Lof                   | Hy laat die sterre skitter (1-3)<br>Die liefde van Jesus is baie groot (1-2)<br>0-2:1-2 "Ons Koning kom"  | hylaaf<br>dieliefd ?<br>Onkonin  |
| Liturg     | Oproep tot aanbidding |   |  |
| Hannes     | Aanbidding            | (Geloofsbelydenis)<br><i>"If you want the rainbow, you have to pass through the rain"</i><br>Jesus Christus Immanuel (Saam CD)  | immanuel (CD)  |
| Ouderling  | Gebedslys             |   |  |
|            |                       | <b><u>Record aan</u></b>  | <b><u>Klank: Record</u></b>  |
| Ouderling  | Voorbidding           |   |  |
| Liturg     | Skriflesing           | Hand 1:6-8, 2 Tim 1:7   | Skrif  |
| Liturg     | Preek                 | Powder of power? (Poeier of krag?)  | Skrif  |
| Almal      | Toewyding             | (Oorgawe)<br>Kom in my hart (Saam CD)   | komin (CD)<br>Kasset   |
| Liturg     | Gebed                 |   |  |
|            |                       | <b><u>Record af</u></b>   | <b><u>Klank: Stop Record</u></b>   |
| Diakens    | Offergawe             | Afkondings op bord  | afkondig   |
| Liturg     | Afkondigings          |   | "Afkondig"   |
| Hannes     | Lied                  | LB202:1-3 "Prys Hom die Hemelvors"<br>OF Oorwinningslied  | LB202:1-3<br>Oorwin  |
| Liturg     | Seën                  | S-1: "Seenbede"   | seenbede   |

# PREEKSKETS

## INLEIDING

Wie van julle...

- Het Pokemons bymekaargemaak?
- Maak die Digimons in die Chips-pakkies bymekaar?
- Kyk Dragonball-Z
- Kyk Medabots
- Kyk Spiderman?

[ Roep kinders vorentoe ]

- Wat beteken hierdie goedjies agter op die Pokemon?
- Wie van julle weet wie is Gogu?
- Wat gebeur as een mannetjie die ander een absorb?

Ons sit Donderdagoggend aan tafel, en ek vra vir Corniël: Vertel my meer van hierdie goed.

- En julle sal dit nie glo nie.
- Hy trek daar weg en hy vertel aanmekaar totdat hy skool toe gaan.
- [ Corniël se vertelling ]

Vriende, ek weet nie of julle dit al agtergekom het nie - daar is iets wat my opval.

Alles gaan vandag oor “powers”

- In die Pokemon reeks was daar ‘n Ash
- Hy het self nie power nie, maar hy stuur een van die Pokemons wat ‘n power het.
- So byvoorbeeld kan Ash vir Pikachu stuur om iets te doen.
- Want Pikachu het powers.
- Sy power is **Thundershock and Thunderbolt**
- 

[ **“Ash Ketchum**, an affable, ageless ten-year old, is on a quest to win the Pokéémon regional championships and become a Pokéémon master. He starts his adventure with **Pikachu**, a Pokéémon given to him by his mentor, **Professor Oak**. Pikachu has certain ““electrifying”” characteristics, mainly his special abilities **Thundershock and Thunderbolt**.” (Pokemon-website) ]

In Medabots werk alle met ‘n “medal”

- Jou power is in jou medal
- En daarom kan die seuntjie (Iki) wanneer hy in die moeilikheid is, sy medamot roep om hom te help.
- En “Medabee” het sekere powers.
- En hy moet probeer om die opponent se powers weg te vat.

In Dragonball-Z is daar weer ander karakters met ander powers:

- Gogu het ‘n sekere hoeveelheid power.
- En Trunx het ‘n sekere hoeveelheid power.
- En as jy harder oefen kry jy meer power.
- En as hulle hierdie mannetjie “absorb” kry hulle nog meer powers.
- En later is jy ‘n supersaint
- En later ‘n supernamic
- En hoe meer jy vorder, hoe meer power het jy.

Dink maar aan die Power-Rangers.

- Hulle het ook allerhande powers.

- Hulle kan dinge doen.

En dis nie net die kinders se wêreld wat om “power” draai nie.

Grootmense s’n ook.

- Gladiators.
- Amerikaanse rofstoei. (WWF)

Dink maar net aan die druk op tienerseuns om ure in die gym te spandeer om kragreus te word.

En al hierdie “power” is nie noodwendig boos of negatief nie.

- Dit kan boos of negatief wees.
- Maar dit sê ook vir ons iets van die wêreld waarin ons leef.
- Of ons dit wil glo of nie.
- Dit sê vir ons dat die wêreld waarin ons woon, is ‘n wêreld waar dit om power gaan.

Wat was die afgelope oorlog in Irak?

- Gaan lees maar die koerante en die mediaberigte.
- Dis was ‘n “display of power”
- ‘n Demonstrasie van krag en mag.

Ons grootmense kry ons “powers” op ‘n ander manier.

- Ons koop die grootste 4x4 wat ons kan.
- Dit maak my groot en sterk.

Onthou julle nog die era van die 30S Cortinas?

- Dit gee darem vir jou power om die vinnigste kar in die dorp te hê.

Hoekom jaag ons manne so graag resies met mekaar.

- Power.
- Krag.
- Myne is die sterkste.

En ons kan vir ons kinders sê om hierdie goed in die asblik te gooi - omdat dit boos is.

- Maar wat doen ons eintlik wanneer ons so optree.
- Ons bevestig dit wat hulle dink en glo.
- Ons sê eintlik vir hulle: daar is regtig “powers” in hierdie goed.
- En daarom moet ons dit eerder weggooi.

Om een of ander rede skrik ons vir die gedagte van “powers”/ kragte

- Terwyl dit ‘n natuurlike deel van ons lewe is.
- Dink maar aan die natuurkragte:
  - Vuur
  - Wind
  - Aardbewings
  - Donderweer.

## **POWER IN DIE OU TESTAMENT**

Gaan lees maar die Bybel.

Gaan kyk na die rol wat power of krag of mag in mense se lewens gespeel het.

- Dit was nog altyd daar.

Num 13-14 vertel die verhaal van die 12 verspieders.

- Moses stuur 12 verspieders in die land Kanaan in.

- Sê: gaan kyk hoe lyk die land.
- Kom vertel vir ons hoe lyk die land.
- Dan kom die 12 verspieters terug.
- En wat sê hulle.
- 10 van hulle is baie negatief en hulle sê:
- Ons kan nie in Kanaan intrek nie.
- Hoekom nie.
- Want julle moet hierdie ouens se powers sien.
  - Weet julle wat is hulle power?
  - Hulle is verskriklik groot.
  - Hulle is reuse
  - Ons is soos sprinkane in hulle oë.
  - As jy 'n tazzo van hulle sou maak, sou daar voorop 'n prentjie van 'n reus gewees het, en agterop sou gestaan het: beats sprinkane en Israeliete.
- En vandag hulle hierdie ouens se power gesien het, is hulle doodbang.
  - Hulle wil nie eers meer in die land intrek nie.

Maar dan gebeur daar 'n interessante ding.

- Twee van die verspieters (Josua en Kaleb) sê: Nee, wag 'n bietjie.
- Ons het hierdie ouens gesien.
- Hulle is reuse.
- Hulle is verskriklik groot.
- Hulle het baie power.
- En eintlik is ons bang vir hulle.

Maar: ons het 'n groter power as hulle.

- Die Here het ons gestuur.
- Hy is aan ons kant.
- En daarom het ons baie meer power as hulle.
- En daarom hoef ons nie bang te wees vir hulle nie.
- As jy 'n tazzo van die Here sou maak, sou daar 'n verskriklike groot God op die voorkant gewees het, en agterop sou gestaan het: Beats anyone.
  - Want die God wat ons aanbid, het meer power as enige iemand anders.
  - Hy skrik vir niemand nie.
  - Hy is nie bang vir reuse nie.
  - Hy het Israel bo-oor hierdie reuse laat loop.
  - Want Hy is 'n magtige God.

Daar is nog 'n mooi verhaal in die Ou Testament: Gideon. (Rigt 6-7)

- Die Here sê vir hom hy moet gaan oorlog maak teen die Midianiete.
- Hulle was 'n volk wat die Here nie geken het nie.
- En hulle het die Here se volk laat swaar kry.
- En toe sê die Here vir Gideon: Maak vir jou 'n weermag bymekaar - en dan gaan roer jy die Midianiete.
- En Gideon is daar weg, en toe hy terugkom - raai hoeveel mense het hy by hom?
  - 32000 manne by hom (Rigt 7:3)
- En Gideon sê: Ek is gereed vir die Midianiete - waar is hulle?
- Want hy het nou baie "powers" (32000)

Maar dan sê die Here vir hom.

- Gideon, jy het te veel power.
- Jy het so baie power dat jy dink jy het My nie meer nodig het nie.
  - Julle sien: dis die probleem met power.
  - Hoe meer power jy het, hoe meer dink jy "ek het God nie meer nodig nie"

En Daarom praat die Here met Gideon.

- Gideon, jy het te veel power.

- Sê die bang ouens moet huistoe gaan.
- Wat 'n teleurstelling!
- 22000 ouens draai net daar om huistoe.
- En daar bly 10000 oor.

En weer 'n keer sê die Here vir Gideon:

- Jy het nogsteeds te veel power.
- Stuur nog manne huistoe.
- En dan laat Gideon hulle water drink - julle ken die verhaal.
- En daar bly net 300 manne oor.
- Wat is Gideon se power nou?
- Net 300.
- Hy het nou te min power om die Midianiete te wen. (Want hulle is duisende)

Maar daardie dag het daar iets wonderliks gebeur.

- Gideon en sy 300 manne het die hele Army van die Midianiete verslaan.

Hoe het hulle dit reggekry?

- Weet julle hoe?
- Hulle het Iemand aan hulle kant gehad wat baie power gehad het.
- God.
- Sy krag is meer as enige iemand anders s'n.
  - Hy het meer power as die Midianiete.
  - Hy het meer power as die kommuniste.
  - Hy het meer power as die duiwel en al die Sataniste saam.
  - Hy het meer power as die president van Amerika.
  - Agterop Sy tazzo staan mos: beats anyone.

En so is daar baie voorbeelde in die Bybel.

- Dink maar aan die Filistyne.
- Wie was hulle pokemon?
- Goliat.
- En dink maar aan sy powers...

Ek het 'n vraag vir elkeen van julle:

- Watter powers het jy?
- Dalk is jy lekker groot en sterk (en agterop jou tazzo staan: beats smaller boys)
- Dalk is jy besonder goed in sport.
- Of jy is baie mooi: jou power is skoonheid.
- Of jy het 'n belangrike werk: jou power is status
- Of jy het baie grade en diplomas en sertifikate en toekennings en medaljes...

Dis wonderlike powers.

Maar het jy die krag van die Here in jou lewe?

## **POWER IN DIE NUWE TESTAMENT**

In Handeling 8 lees ons iets besonders:

- Goeie Vrydag is verby - Jesus het klaar gesterf.
- En Drie dae later het Hy weer opgestaan uit die dood uit.
- En vir 40 dae en nagte het HY begin gereedmaak om terug te gaan na Sy Vader toe.
- Na die Hemel toe.
- En net voordat Hy vertrek roep Hy Sy dissipels bymekaar.
- En raai wat sê Hy vir hulle?

*Hand 1:8 "Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom..."*

Luister wat sê die Engelse Bybel (RSV-uitgawe)

Acts 1:8 “But you shall receive **power** when the Holy Spirit has come upon you”

Weet julle wat was Jesus se laaste woorde?

- Dit was ‘n belofte.
- Hy het gesê: As Ek weggaan sal Ek die Heilige Gees stuur.
- Hy sal oor julle uitgestort word.
- Hy sal in julle harte kom bly.
- Hy sal tussen julle wees.

En wat sal Hy doen?

- Hy sal vir julle power gee.
- Hy sal vir die grootste / sterkste / wonderlikste krag/power gee wat ‘n mens kan droom om te hê.

Hoe gebeur dit?

- Die Here is lief vir ons almal. (Ewe lief)
    - Hy het nie witbroodjies nie.
  - En daarom roep Hy ons van die dag af wat ons gebore word.
  - En Hy Hy sê: Kom na My toe.
    - Ek wil jou bederf.
    - Ek wil jou seën.
    - Ek wil al jou sondes vergewe.
    - Asseblief, kom na My toe.
  - En as ek na die Here toe gaan.
    - En ek gee my lewe vir Hom.
    - En ek sê: Here, kom bly in my hart.
    - Ek neem U aan.
  - Op daai selfde oomblik wat ek dit sê: kom bly Hy in my hart.
  - En die oomblik wat Hy in my hart kom bly, (en hier verskil ons van sommige ander kerke) - ontvang ek die Heilige Gees.
    - Nie later nie.
    - Nie eendag nie.
    - Nie net party nie.
  - Op die oomblik wat die Here in my hart kom bly, ontvang ek die Heilige Gees.
- En dan ontvang ek die power wat die Here beloof het.

Die oumense het ‘n mooi lied gesing:

*“There is power, power, wonderworking power  
in the precious blood of the Lamb  
There is power, power, wonderworking power  
in the precious blood of the Lamb”*

Wat kan hierdie power doen?

- Dit kan dinge doen wat al die ander powers in die hele wêreld nie kan doen nie.
- Die HG wat in my hart bly, gee vir my die power om my ouers lief te hê.
- ...om mense te vergewe wat die afskuwelikste dinge teen my gedoen het.
- ...om vriendelik te wees met die mislikste maatjie in my klas.
- ...om nee te sê vir die verkeerde dinge in die wêreld.
  - Ook vir die verkeerde powers wat die duiwel vir my aanbied.
- Ja, hierdie power help my om lief te wees vir alle mense - nie net vir die wat dieselfde kleur of kultuur as ek is nie.
- ...om op te staan tussen ‘n klomp ouens op ‘n kamp en te sê... Julle kan dit maar doen - ek doen dit nie.

Het jy hierdie power in jou lewe?

Jy kan dit net hê as die Heilige Gees in jou hart bly...

Daar is nog iets wat jy moet raaksien.

- Die Here gee nie vir ons hierdie power sodat ons net sterker en beter kan wees nie.
- Dis mos hoe dit in die flieks werk.
- Hy gee vir ons hierdie power - sodat ons vir ander mense van Hom kan vertel.
- Nie van ons nie.

*Hand 1:8 “Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom ...  
En dan?*

*“...en julle sal My getuies wees in Jerusalem...”*

Sien julle dit?

- Die wêreld se powers gaan oor jousef.
- Dink maar aan DRAGONBALL-Z
- Jy moet net sterker en sterker word.
- Jy moet almal beat.
- Die Here se power maak jou nie altyd sterker nie.
- Maar dit maak Hom groter.
  - En daarom moet meer en meer mense hoor.
  - Ek moet vir meer en meer mense vertel.

Ten slotte:

As jy al hierdie tazzo’z en goeters in die vuur gooi..

Weet julle wat gebeur met dit.

Eers smelt dit.

En dan word dit gewone ou poeier.

Powder.

Al die power is weg - al wat oorbly is powder.

Want jy sien: dis nie regte power nie.

- En eendag gaan jy uitvind jy het eintlik niks nie.

Daar is net een power wat permanent is.

- Die Here se power hou nooit op nie.
- Dit word nooit kleiner nie.
- Dit kan nie uitbrand in ‘n vuur nie.
- Al die branstapels in die afgelope 2000 jaar kon dit nie uitbrand nie.
- Al die vervolgings kon Sy power nie keer nie.

Het jy al Sy Power in jou lewe?

Maak vandag jou hart oop en nooi Hom in.

“Kom in, Liewe Jesus, kom woon in my hart...”

Ek wil nie meer powder hê nie, ek wil power hê.

Regte. Egter power.

U power.

Uself.

Kom woon in my hart.”

Musiek: “Kom in my hart”

Huiswerk: (Kompetisie)

- A4 papier
- Dan maak jy vir jousef ‘n groot tazzo.
- Voorop teken jy jousef.
- En agterop teken jy jou powers.